



Oortuig of oorbluf?

Na aanleiding van 'n artikel wat in die e-Hervormer geplaas was, het daar 'n lewendige debat op die steedsHervormers se bakkiesblad plaasgevind. Die artikel ter sprake was een deur ds Ettiene Fourie oor 'n tru-spieëltjie en 'n orrel. Een bydrae dien weer vermeld te word. Na die aanhaling moet daar sekere opmerkings gemaak word en sekere vrae gestel word. *Dis om van te ween...*

Maar die artikel is 'n goeie voorbeeld van 'n flouerige poging met die flouerige voorbeeld van 'n orrel, van die subtiele en op plekke minder subtiele styl van die moderne kerk wat God se pad verlaat het en die gees van die antiChris al meer weerspieël. Dis die tipe artikel wat mens kan voorhou as 'n voorbeeld van hoe dit gaan as mens probeer regverdig deur te steek en te kap. Dis die tipe artikel waarmee mens al meer sal moet omgaan in die kader van die tyd waarin ons nou is - waar die kinders van die waarheid die al duideliker teken van die pyle van die dood-in-die-naam-van-lewe sal wees.

Ons moet egter hierin altyd onthou dat diegene wat die ander pad as die Here s'n loop, maar nog steeds die Naam van die Here gebruik (misbruik) as basis en as loodspunt vir hul eie agenda, steeds in verbittering en teenstand na vore sal kom en sal kap na die profete van die waarheid van Jesus Christus wat die waagmoed gehad het - en die prys betaal het - om te breek met die vals evangelie.

Dit opsigself is 'n verloëning van 'moenie terugkyk' nie - en miskien moet mens hulle in die toekoms maar daaraan hou, wanneer dit nodig is, want dit is immers hul eie verklaring..

Hulle weet dit nie, maar hulle ploeg juis skeef, omdat hulle nie terugkyk nie - hulle het al so ver gedraai dat hulle agtertoe beweeg na die dwalings van die verre verlede waarteen die Skrif ons duidelik waarsku. Hulle het omgedraai, en ploeg die pad na die filosofiese en geestelike afgode van die verlede, en dink hulle kyk vorentoe. Hulle glo hulle is 'progressief'.

Maar hulle is in regressie en in wese op pad na self-destruksie. Dit beteken hulle is binne 'n gekorrupteerde denkraamwerk wat die deur die Gees van God verlig is nie. Dit is tragiese 'delusion', om die Engels te gebruik..

Laat mens egter eerder in hartseer hierna kyk, want dit is Christus se Koninkryk wat hier ten kwade ly. Mense wat God se koninkryk seermaak, maar ons ook seer, ons moet dit eerlik erken dat ons nie probeer immuun staan daarteen nie, want ons harte is nie verhard nie. Die Vaderhart van God pyn ook.

Die feit dat daar nie 'n berou is oor die ongoddellike en onheilige bydraes, uitsprake en aksies wat hulle self gemaak het om die 'skeuring' te veroorsaak nie (en juis te noodsaak nie), is 'n aanduiding van (verdere) verharding wat plaasvind, en wat nie goeie nuus is wanneer mens juis na die geskiedenis van sulke gevalle in die Skrif kyk, en na God se uiteindelijke woede en harde oordeel daarop nie.

Laat hulle boodskap vir ons ook een wees wat juis die waarheid bevestig: Moenie terugkyk nie. Soos Paulus geskryf het, moet ons fokus op die Voleinder van ons geloof wees: Jesus Christus, die Here.

Laat ons die les ter harte neem, want hulle sal nie (dink ek). Selfregverdiging vir sonde was nog meesal die pad wat die meeste sondaars loop, in plaas van om introspeksie te hou en hard na eie sonde te kyk en dit na Christus te bring in ware berou.

Ons wat uitgegaan het (soos in my geval met die NG-Kerk), moet ook nie onself verhef om in hoogmoed terug te kyk en te sê dat ons die kwaad agter ons gelaat het nie... Dan ploeg ons ook weer skeef...

Ons moet steeds hand in eie boesem steek en mekaar in liefde vermaan en bemoedig om die ware pad van die Evangelie te loop, en nie mettertyd ook weer te verval in dieselfde patroon van leuenagtigheid as wat ons agtergelaat het nie..

Die verwickelinge soos dit geloop het, het 'n wonderlike uitkoms, naamlik dat die ware kinders van die Here met onderskeiding die waarheid soek, en dit nie net binne eie geledere nie, maar ook daarbuite, waar ander kinders van Christus van 'n ander trop skape is (soos Jesus self gesê het).

Daarmee saam kom 'n meer volwasse uitkyk as om eie kerkstrukture onder eie naam in stand te hou en af te kapsel van ander mense van die reformasie.

Agter ons lê die kerkstrukture wat al meer openlik die pad van die vals kerk loop, die pad van 'n vreemde evangelie, en 'n ander Jesus. Hulle uiteinde is Matt 7:21.

Daaruit sal voor daardie tyd egter nog kinders van God uitkom. Daarvoor kan ons bid. Christus sal hulle self uithaal wanneer hulle oë ook oopgaan onder die werking van die Heilige Gees, wat elke leuen sal openbaar, en Sy kinders daarvan vrymaak..

Hy hou immers self Sy kerk in stand..

Vrede vir julle.

Somerset Morkel

Dit kos moed van oortuiging om hierdie woorde neer te pen. Talle mense skram weg van 'n skerp woord spreek oor wat besig is om te gebeur in die NHKA.

Dit terwyl die NHKA se (onkerkordelike) amptelike standpunt is dat sH lidmate hulself buite die kerk geplaas het. Berigte bereik ons ore van groot *indunas* van die verlede wat GHG 'n sekte noem. Amptelike skrywes maak die doop en Nagmaal van GHG verdag, sinspeel op onwettige huwelikke en onmoontlike begrafnisse. Die verdagmaking en laster ken geen perk.

Het die tyd nie aangebreek dat sH en GHG lidmate die sterk en skerp taal van die Staat van Belydenis opneem nie? Daar is fout in die NHKA. Daar is teologies groot fout. Dit moet vreesloos gestel word.

Die NHKA se hantering van wettige besware is en was kerkskeurend van aard. Is dit nie tyd dat die verskeurende optrede aangedui word nie?

Wettige besware word steeds ingebring teen byvoorbeeld die nuwe teologiese rigting, veral by die fakulteit. Hierdie nuwe rigting word versinnebeeld deur die

instelling van die A.S. Geysers gedenklesing. Die vrysinnigheid se bastion is nou te UP gevestig en die res van die NHKA volg en beskerm hierdie kanker. Hoe anders kan ons dit interpreteer? Die dosente dring daarop aan dat hulle soos die kerk en saam met die kerk glo en bely. Dit is presies dieselfde benadering wat die wêreldse hof oortuig het om die NHKA aan te sê om Geysers terug te neem.

Soos die kerk en saam met die kerk? 'n Paar verklarings bestaan.

- Die dosente en die kerk glo dieselfde en die hele NHKA is vrysinnig ten opsigte van geloof. Gesprekke met ouderlinge dui op die teendeel, lidmate glo behoudend.
- Die dosente is in 'n ivoortoring en het geen voeling met die lidmate nie. Hulle dring daarop aan dat hulle in die gemeentes leef en werk en baie lidmate staan in vir die vroomheid van die dosente.
- Die dosente praat en glo metafores en die NHKA laat die metafores en die letterlike verstaan toe. Indien dit waar is, laat ouderlinge en lidmate hulle aan die neuse lei. Jesus het óf fisies opgestaan, óf nie.
- Die dosente glo anders en sê net dat hulle soos en saam met die kerk is, om eie posisies te beskerm. Die AKV voorsitter is 'n dosent. Die kontrak met UP verseker die dosente van hulle werk en 'n groot deel van hulle inkomste.

Daar is ander moontlike antwoorde. Hoe ernstig is die bedreiging van vrysinnigheid in die NHKA? Durf ons soos Somerset dit by die naam noem? Of is dit selfstandigwording van GHG gemeentes op losse skroewe? Wat is jou antwoord?